DIE LOOT

NUUSBRIEF VAN DIE GEREFORMEERDE KERK BELLVILLE

"Ek is die wynstok, julle die lote. Wie in My bly, en Ek in hom, hy dra veel vrug; want sonder My kan julle niks doen nie". *Joh.15:5*

28 Mei 2017
NAGMAAL

1. EREDIENSINLIGTING

Oggend	**Ds. C.C.A. VREY**	**Aand**	**Ds. C.C.A. VREY**
Sing vooraf	Sb. 17-1: 1, 6 (17)	Sing vooraf	Sb. 12-2: 2, 3 (27)
Sing	Ps. 113: 1, 2	Sing	Ps. 103: 1, 7
	Ps. 32: 1		Sb. 3-2: 1, 5, 6 (63)
	Ps. 74: 1, 8, 9		Ps. 32: 4, 5
	Sb. 11-3 (aan tafel) (16)		
	Sb. 11-1 (met terugbeweeg) (22)		
	Ps. 116: 9, 10		
Skriflesing	Daniël 9: 1 - 19	Skriflesing	Galasiërs 3: 1 - 14 HK Sondag 15 Vraag 39
Teks	Daniël 9: 19	Teks	Galasiërs 3: 13 - 14
Tema	**Here, let tog op u belofte en maak dit gou waar!**	Tema	**Die kruis - 'n teken van vervloeking - 'n waarborg van verlossing**

2. GEMEENTENUUS EN –AKTIWITEITE

ADMINISTRASIE

Vanaf Junie sal die kerkkantoor se ure verskuif na **Dinsdae** van **09h00 tot 12h30** vir alle navrae.

BASAAR: WIT OLIFANTE

Aangesien daar beperkte stoorplek beskikbaar is, is daar besluit om van die items nou reeds te koop aan te bied. Indien u belangstel in 'n artikel tussen die wit olifante, kan u 'n aanbod maak by sr. Magda Groot (084 450 6166) of sr. Tillie Wüst (084 503 5552). Die hoogste aanbod sal aanvaar word. Hierdie reëling sal slegs tot einde Julie in werking wees, sodat voldoende voorraad vir die basaar opgebou word.

BIBLIOTEEK

Ons benodig hulp by die kerk se biblioteek met die skryf van resensies, aankoop van boeke en ander take. Lidmate wat belangstel om betrokke te raak, kontak asseblief sr. Willina Cilliers (082 738 1809).

BYBELSTUDIE

Bellville - Dinsdag om 09h30 en 19h00 in die konsistorie
Oggend: Handelinge 7:44 e.v. / Aand: Handelinge 8:1 e.v.
Bybelstudie vir mamma's - Woensdag 09h30 (kontak sr. Sanet van Hoving - 083 642 0611)

GEMEENTEKAMP - 2018

Daar sal DV **28 tot 30 September 2018** weer 'n gemeentekamp by Mizpah gehou word. Teken solank die datum aan!
Lidmate wat hierdie jaar se kamp bygewoon het, word herinner om asseblief enige foto's na die kerkkantoor te stuur. Ons wil graag weer 'n foto-*collage* raam.

HUISBESOEK

Wyk **Oude Westhof** (oudl. Jakobus Wüst) ontvang hierdie week huisbesoek deur ons leraar.

KATKISASIE

Vandag sal daar geen katkisasie wees nie.

KERKLIKE TYDSKRIFTE

Skryf asseblief u naam op die lys op die kennisgewingbord in die teedrinklokaal indien u belangstel om die volgende tydskrifte vir die tydperk **Julie 2017 tot Junie 2018** te ontvang:

- Die Kerkblad – R300.00
- Vroueblad – R250.00
- Slingervel – R230.00

Huidige intekenare moet asseblief ook u naam op die lys skryf, indien u wil voortgaan om dit te ontvang. U inskrywing word nie outomaties hernu nie. Betalings kan per EFT gedoen word of plaas kontant in 'n gemerkte koevert in die Kassiere kissie.

KLIPPIES

Alle laerskoolkinders is welkom om Vrydag by die kerk van 18h00 tot 20h00 bymekaar te kom. Laat weet asseblief vir sr. Debbie Daling (083 293 3949) as jy wil kom.

LEWENDE STENE

Ons kom DV Vrydag vanaf 18h00 tot 20h00 in die kerkhuis bymekaar. Bring jou bybel en psalmboek saam vir bybelstudie. Laat weet asseblief teen Donderdag op die *WhatsApp* groepie as jy gaan kom. Vir meer inligting kontak asseblief sr. Carolien Meijering (083 441 2059)

MEELEWING

Ons bid die seën van die Here toe vir:

- Br. John (082 937 0119) en sr. Francis Eiberg (072 603 9248) wie se seun Garreth Maandag 'n ernstige ongeluk gehad het. Hy is reeds aan sy been geopereer.

- Br. Herman Gers (073 751 3455) wat chemo-terapie moet ontvang, nadat daar kwaadaardigheid in sy kliere gevind is.

NUUS VANUIT RONDEBOSCH-WYK

Praise: for our new member candidate, Mokhatla Mokhatla, who will confess his faith today
Prayer: for other regular attendees to to the same sooner rather than later

PAAS TOT PINKSTER

Die personeel en kinders van die Gereformeerde Laerskool Bellville nooi u hartlik uit na hul jaarlikse Paas tot Pinkster feesvieringe op DV **Maandag, 5 Junie om 10h00** by die Vrye Gereformeerde Kerk (h/v Frans Conradie en Stellenberg). Na die program sal koffie/tee en verversings bedien word. Die muntlegging is ten bate van die Instituut vir Dowes. Kom vier dit saam met ons!

SENIORS

Alle seniors word hartlik uitgenooi na ons jaarlikse sop-en-brood op DV **Dinsdag, 13 Junie** by die pastorie. Meer inligting, asook ‘n naamlys, is op die kennisgewingbord in die teedrinklokaal.

SANDJIES (2 – 6 jaar)

Die Sandjies kom op DV **Saterdag, 3 Junie** om 10h00 op die kerkterrein bymekaar vir ‘n kort lessie en lekker saamspeel. Kontak asseblief vir sr. Willina Cilliers (082 738 1809) indien julle nog nie op die *WhatsApp* groepie is nie.

3. SUSTERS

SOP & SHERRY EN WYNVEILING

Alle lidmate word hartlik uitgenooi na ons Sop & Sherry en Wynveiling op DV **Vrydag, 9 Junie** om 18h30. Skryf asseblief u naam op die lys op die kennisgewingbord in die teedrinklokaal, indien u die aand wil bywoon. Die koste verbonde is R50 per volwassene (bo 16 jaar) en R25 per kind (vir ‘n worsbroodjie, asook ‘n oppas-diens in die kerkhuis). Betalings kan per EFT gedoen word (met die verwysing SOP+naam) of plaas kontant in ‘n gemerkte koevert in die Kassiere kissie. Donasies vir die wynveiling sal baie waardeer word en moet asseblief in die kombuis geplaas word teen Dinsdag, 6 Junie. Susters (of broeders) wat bereid is om sop te voorsien, skryf asseblief u naam op die gegewe lys.

TEESKINKBEURTE

Vandag - Nagmaal: *Geen tee/koffie.* Alle susters word vriendelik versoek om te help opruim in die kombuis na afloop van die gemeente-ete
Volgende Sondag: Wyke **Kuilsrivier** (Marthie de Klerk), Goodwood (Glaudi Goosen) en Welgelegen (Elré Gerber)

WYKSUSTERS

Daar is tans ‘n paar vakante wyke en ons doen ‘n beroep op enige suster wat geroepe voel om hierdie rol te vervul, om asseblief vir sr. Michell Bezuidenhout (079 522 4489) te kontak.

4. VAN DIE KERKRAADSTAFEL

DIENSBEURTE VIR OUDERLINGE EN DIAKENS

Diakens
Vandag: Brs. Dick van der Wilt, Hannes Koekemoer, Reinard Visser, **Ludwig Venter**
Volgende week: Brs. Ruthven Janse van Rensburg, Pieter van Niekerk, Riaan Janse van Rensburg, Martin van der Walt

Ouderlinge
Vandag: Brs. Ruhan Coetzee, Gustaaf Costerus, Elzar Wendt, Jaco Cilliers
Volgende week: Brs. Andre Coetzee, Mark Lyons, Freddie Scheepers, Berend Meijering

Diensbeurte in Rondebosch (ouderling en diaken)
Vandag: Brs. Jakobus Venter, Jaco Coetsee
Volgende week: Brs. Ben van der Walt

Diensbeurte by Vrye Gereformeerde Kerk (ouderling)
Vandag: Br. Cassie Bester
Volgende week: Br. Gert Mulder

HUISBESOEK DEUR DIE PREDIKANT
Mei: 29/05 Oude Westhof
Junie: 12/06 Durbanville 1, 26/06 Durbanville 2
Julie: 24/07 Stellenryk

KOLLEKTE	**Vandag:**	**Volgende Sondag:**
Onder die erediens:	Diakonale Kas	Kinderhuise in kerkverband
By die deure:	Instandhouding van Eiendomme	Teologiese Studentekas

NAGMAAL
Ons gemeente vier vanoggend die sakrament van die Heilige Nagmaal.
Rakende die Nagmaalviering die volgende: Die Gereformeerde Leer vereis dat daar toesig gehou word oor almal wat aan die Nagmaal deelneem. Die Here vereis van die kerkraad om te sorg dat die tafel van die Here heilig gehou word. Die kerkraad moet hulle dus voor die Here kan verantwoord oor die leer en lewe van elke deelnemer aan die Nagmaal. Enige persoon wat nie 'n belydende lidmaat van die Gereformeerde Kerk Bellville is nie en wat wil deelneem aan 'n Nagmaalviering in die GK Bellville, moet dus 'n getuienis inlewer van die kerk waar hy/sy vandaan kom. In hierdie getuienis moet sy/haar kerk baie duidelik aantoon dat hierdie persoon suiwer is in leer en lewe en dat hulle inderdaad aanbeveel dat so 'n persoon saam met ons Nagmaal vier. Gevolglik kan lidmate van enige kerk wat nie saamstem met die leer en die sakramentsbeskouing van die GKSA nie, ook nie tot die Nagmaaltafel toegelaat word nie.

Gemeente-ete
Almal word hartlik uitgenooi na die gemeente-ete. Elke gesin bring asseblief 'n vleisgereg, slaai en nagereg (maak asseblief 'n bietjie meer as wat u normaalweg vir uself sou maak). Die tafelgebed word om 12h00 gedoen.

VERGADERINGS
Skiereiland vir Christus
Volgende Sondag na die aanderediens

5. VERJAARSDAE

Vandag	Sr. Claire Coetzee Sr. Francis Momberg	082 257 0873 072 935 8693
29/05	Br. Christo de Witt Sr. Deana Jooste Sr. Louise Kruger Sr. Bea Mulder	083 440 7492 071 929 2851 082 933 3306 021 553 1767 / 084 079 1585
01/06	Sr. Laetitia Jacobsz	021 913 1673 / 083 313 4215

Berigte vir Die Loot moet asseblief teen **Woensdag 16h00** per e-pos gestuur word na gkbellville@mwebbiz.co.za